


HOE SKOP JY DIE JAAR AF?

Ysbreker verduidelik:



"Wilder as die Wildtuin"

Laat elkeen 'n plastiek dier kies wat jy saambring, Jy kan ook prente van diere gebruik. Verduidelik dan dat elkeen hulleself moet voorstel m.b.v die dier. Elke daaropvolgende persoon moet ook die vorige persone se name (en dier-assosiasies) probeer herhaal.

AGTERGROND OOR DIE TEMA:

Hierdie toerusting video en gesprek wil kategete / leiers toerus om met gemak die eerste groep byeenkomste van die jaar aan te pak.

Gebruik hierdie video om aan leiers te verduidelik presies wat jy van hulle verwag en hulle voor te berei om "uit die motor te klim", m.a.w. uit hulle gemaksones te kom en hul groepie te ontmoet daar waar hulle is. Help hulle om te onthou dat die kerk ook nie die kinders/tieners se natuurlike habitat is nie, en dat hulle ook verskillend is. Juis daarom is die eerste paar groep geleenthede baie belangrik om almal tuis te laat voel.

BELANGRIK OM TE ONTHOU:

1. Die rol van kategete het verander van Sondagskool-onderwyser na mentor. Daarom is verhoudingsbou van die eerste dag af baie belangrik.
2. As leiers ongemaklik voel met hulleself of hulle groep, skuil hulle soms agter 'n boek / lesplan of hulle jaag die groeityd af. Rus hulle eerder toe met vaardighede sodat hulle kan ontspan en die tyd sinvol kan benut.
3. Die groep moet die leier leer ken, maar ook vir mekaar. Die eerste paar weke kan gebruik word om die waardes vir die jaar te vestig en wedersydse vertroue te bou.
4. Elke kind is uniek. Dit is dus belangrik om elkeen ook persoonlik te leer ken.

EKSTRA HULPBRONNE:

<https://dinkjeug.co.za/dinkjeug-podcast-hoe-begin-ek-met-kategese-in-2021/>

<https://dinkjeug.co.za/dinkjeug-podcast-vier-die-begin-van-die-skooljaar/>

<https://dinkjeug.co.za/glo-en-gesels-speletjie/>

[Ysbrekers en kenmekaar speletjies](#)

AANHALING:

"Die wonderlike ding is dat wanneer jy jouself gee vir die groep kinders of tieners wat aan jou toevertrou word, hulle jou lewe gaan aanraak en jou geloof ook sal laat groei."